

Untitled Document

|                                 |      |        |
|---------------------------------|------|--------|
| <table width="100%" border="0"> | <tr> | <td><p |
|---------------------------------|------|--------|

class="style1">Wanneer gaan die beoogde K54-roete, wat dwarsdeur die Bronberg-rif gaan sny, gebou word? Noord van ons gebied is 'n deel van dié pad klaar deur Mamelodi gebou. Suid van ons word die pad nou deur Centurion gebou. Hoe vinnig dié twee dele bymekaar gaan kom in die Bronberg se hoewegebied, hang volgens Gautrans van die verkeersdruk wat nuwe ontwikkelings veroorsaak, af. </p> <p>Die beoogde K54-deurpad wat die gesig en karakter van 'n groot deel van die Bronberg-gebied vir ewig sal verander, word beplan om in 'n suidwestelike rigting vanaf Donkerhoek deur Mooiplaats, Zwavelpoort en dan tussen Mooikloof en The Wilds in Rietvleidam se rigting in te loop.</p> <p align="center" class="style1"><br /> Die servituut vir die K54 loop tussen Mooikloof en The Wilds.</p> <p> Die 80 km lange roete is deel van die groter Gauteng-padnetwerk en strek van Pad 25 noord van Cullinan. Dit loop dan suid tot by Mamelodi, en dan in 'n suid-westelike rigting deur die Bronberggebied en gaan dan verder wes, parallel met die R28, tot by pad P79-1 naby Krugersdorp.</p> <p> Dit is blykbaar die plan om die gemeenskappe van Diepsloot en Olievenhoutbosch naby Krugersdorp te verbind aan The Reeds, Rooihuiskraal, die Bronberg-gebied, Mamelodi en verder noord in die rigting van die Moloto-pad.</p> <p><span class="style1">Beplan</span><br /> In Oktober 2003 het <strong>Die Bronberger</strong> berig dat die K54-roete nie in die Gautengse Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke (Gautrans) se vyf-jaar beplanningsraamwerk geval het nie.</p> <p>Vyf jaar is nou verby. 'n Deel van die K54 is reeds deur Mamelodi voltooi, noord van die Bronberggebied. Dele van die K54 word nou suid van die Bronberg-gebied gebou met metodes wat Bronbergers wat langs dié pad gaan bly, soos inwoners teen Mooikloof se westelike grens en The Wilds se oostelike grens, maar bra senuweeagtig laat. </p> <p>In Julie is meer as honderd huise in The Reeds beskadig deur 'n ontploffing deur Canyon Rock Quarries, 'n maatskappy wat besig is om plek te maak vir die K54 pad. Gaan dieselfde in ons gebied gebeur?</p> <p><span class="style1">Bou</span><br /> Suid van die Bronberg-gebied word die K54 stuk-stuk met die hulp van ontwikkelaars gebou. Die Tshwane Metropolitaanse raad en M&T Ontwikkelings het saamgespan om die K54 tussen Nellmapiusrylaan-verlenging, as deel van die K54 roete, en John Vorsterrylaan-verlenging, bekend as die K111, te begin bou.</p> <p> Volgens die Tshwane Metropolitaanse raad se geïntegreerde vervoerplan van 2006 tot 2011 is daar 'n begroting vir die opgradering van die Rietvleidampad, as K54, van die R21 tot by die Delmaspad teen R20-miljoen. Daar is ook 'n begroting van 'n enkelbaanpad van die K54 tussen Garstfonteinweg en die Delmaspad teen R32-miljoen.</p> <p>In dié verslag word die K54 se skakeling met die oostelike grens van die Tshwane metropool gesien as 'n belangrike provinsiale roete. Die verslag lui dat dit moontlik as 'n oostelike verbypad kan dien as dit in die Gauteng Tolpadskema-voorstel ingesluit word. </p> <p>Verder suid is die konstruksie van 'n dubbelpad, die K54/M71, tussen Zinniastraat in die Kyalami Landbouhoewe-gebied en Woodmeadrylaan, P66-1/R55, ook goedgekeur. Hoe lank voor die K54 deur die Bronberg-gebied sny?</p> <p><span class="style1">Tydskaal</span><br /> In Maart vanjaar het <strong>Die Bronberger</strong> berig dat Gautrans se Klaus Schmidt

by 'n byeenkoms van eiendomsagente in die nuwe ooste van Pretoria, gesê het dat Gautrans nie geld het om met die bou van beplande paaie in ons gebied voort te gaan nie.</p><p>In Julie het <strong>Die Bronberger</strong> Klaus weer genader om te hoor wat met die K54-beplanning gebeur. Hy het geantwoord dat die K54 steeds nie in Gautrans se vyf-jaar beplanningsraamwerk val nie. Hy het egter bygevoeg dat die K54-roete broodnodig is om die toenemende verkeersdruk, wat 'n resultaat van al die onlangse nuwe ontwikkelings in ons gebied is, te verlig.</p><p>Hy sê dat fondse 'n probleem is omdat die regering sy beskikbare fondse op sosiale infrastruktuur in voorheen benadeelde gebiede spandeer. Volgens Klaus word dit wel oorweeg om 'n deel van die roete te implementeer as 'n "gesamentlike inisiatief deur ander bronne van befondsing". Klaus sê dat hy geen aanduiding kan gee van tydlyne nie omdat alles te onseker is.</p><p align="center" class="style1"><br />Graphic Engineering Solutions and Services (GESS) is deur Gautrans gevra om 'n grafiese model van 'n paduitlegplan vir die K54 te maak. Hul opdrag sluit die feit in dat di♦roete een van die bergriwwe oos van Pretoria sal kruis en 'n impak op die omgewing sal h♦ Volgens GESS se opdrag sal die roete in 2015 deur die berg gebou word.</p><p><span class="style1">Bronberg</span><br /> Die K54-deurpad gaan waarskynlik deur die nek wat die Bronberggrif vorm naby die T-aansluiting van Ajaxstraat en Achillesweg, loop. Die presiese roete wat die K54 deur die Bronberg gaan loop, raak die volgende eiendomme in Zwavelpoort 373 JR: gedeeltes 17 tot 24, 50 tot 58, 180, 186, 49 en<br /> restant 46.</p><p>Vyf jaar gelede het 'n woordvoerder vir Africon, die raadgewende ingenieurs vir die pad-projek deur die Bronberg-gebied, gesê dat dit heel moontlik mag wees dat 'n stuk van die grond waar Willow Quarries werk vir die roete gebruik kan word, omdat die rif dan nie op twee plekke versteur sal word nie.</p><p>Gautrans se Klaus Schmidt sê egter dat omgewingsimpakstudies, soos vereis deur omgewingswetgewing, gedoen sal word om knelpunte oor padbou deur 'n sensitiewe rifgebied, aan te spreek. Impakstudies</p><p>Só 'n impakstudie het onlangs die roete van die K54 effens verander in die Centurion-omgewing. Die oorspronklike roete vir die K54 is in verskeie stadiums beplan sedert 1976. Die K54 is die afgelope twee dekades aangedui as 'n belangrike hoof sub-streekspad.</p><p>'n Voorlopige ontwerp vir 'n 13,4 km deel van die pad is in November 1989 deur VKE Ingenieurs voltooi en dit is aanvaar in terme van die Gauteng Infrastruktuur Akte 8/2001. Rock Environmental Consulting is in 2000 deur VKE aangestel om 'n omgewingstudie te doen oor die roete van die pad suid van Irene, Cornwall Hill en Irene Glen. Gautengse Departement van Landbou, Bewaring en Omgewingsake het dié verslag aanvaar en gesê dat addisionele studies nodig is voor 'n finale besluit geneem kon word. </p><p>Sedertdien is dit besluit dat 'n nuwe aansoek nodig sou wees in terme van die nuwe omgewingsregulasies, Akte 107 van 1998. Eco Assessments cc is aangestel as onafhanklike omgewingskonsultante om dié impakstudie te doen. Daar is gevind dat die K54 se roete deur dié omgewing die ekologie van die Bakwenagrot en die vlermuise wat daar bly, sal affekteer. 'n Buffer-strook tussen die pad en die grot is voorgestel. Só 'n studie sal ook gedoen moet word voor die K54 se

roete oor of deur die Bronberggrif gefinaliseer kan word. </p> <p><span class="style1">Kaarte</span><br /> Bronbergers wat verdere navrae wil doen oor hoe individuele hoewes geraak sal word, kan die roeteplanne by Gautrans aanvra. Die verwysingsnommers vir die planne is: PRS96/153/LT vir die 1/50 000-skaal kaart, PRS86/153/1ST vir die 1/5 000-skaal kaart en PRS86/153/2BP3BP vir die 1/1 000-skaal kaart. Die verslagnommer wat aangevra moet word is 1487. Skakel Gautrans se Klaus Schmid by 011-355-7223. </p> <p align="center"><br /> <span class="style1">Die kaart wat deur Gautrans voorsien is, gee 'n rowwe aanduiding hoe die K54- roete deur die Bronberg-gebied sal loop. Die kaart strek vanaf die N4 in die noorde tot by Rietvleidam, Grootfontein 334 JR en Klipkoppies 356 JR aan die suidekant. Zwavelpoort is in die middel van die kaart en Mooikloof die deel links daarvan wat in klein blokkies verdeel is. Die K54 is die rooi roete wat die PWV17 kruis en dan met 'n suid-westelike rigting loop tot by Rietvleidam. Op di♦kaart is die bekende roetes deur ons gebied soos volg aangedui: <br /> K69 – Hans Strijdomrylaan <br /> K34 – Lynnwoodweg (kyk links bo waar die roete in Pretoria begin) <br /> K40 – Atterburyweg (kyk links bo waar die roete in Pretoria begin) <br /> K50 – Garstfonteinweg (kyk links bo waar die roete in Pretoria begin)</span></p></td> </tr> </table>